

Vraag 1

Leerders rand nie antwoorde af na drie desimale plekke soos deur instruksies op vraestel aangedui word nie. Leerders het gesukkel met die vrae oar krag. Die teken van fasordiagramme het meer aandag nodig.

Vraag 2

Die vraag nie te goed beantwoord nie. Leerders het 'n probleme met aile aspekte van die vraag. Die opwekking van 1 ph & 3ph, basiese berekeninge ascot eenvoudigesketse het probleme vir leerders geroorsaak.

Vraag 3

Vraag nie goed beantwoord nie. Leerders het 'n probleem met kringsimbool van 'n transistor. Leerders kon nie die drie areas waarin 'n transistor werk identifiseer nie.

Vraag 4

Laslyn toepassing het meer aandag nodig. Versterkers in die geheel blyk problematies te wees vir leerders. Meer aandag moet gegee word aan die funksie van verskitlende komponente in versterker kringe asook die eienskappe van die verskitlende versterker konfigurasies.

Vraag 5

Die gebruik en werking van zener diodes het meer aandag nodig. Wemig leerders verstaan die verskil tussen afkapkringe en vasklemkrihge.

Vraag 6

Vraag nie goed beantwoord nie Daar is 'n algemene tekort aan kennis en verstaan rakende ossillators in die geheel.

Vraag 7

Oar die algemeen het teerders gesukkel met hierdie vraag. Die gedeeltes oor Booise algebra en die teken van logiese kringe vanaf Boolse vergelykings het probleme veroorsaak. Logiese hekke en waarheidstabelle het meer aandag nodig.

Vraag 8

Leerdes kon nie die gegewe btokdiagram identifiseer rue. Meer tyd moet spandeer war met AM & FM versenders en ontvangers. Ossilloskoop toe passing blyk om 'nproblem le wees